

### Om die Messias te vind

**H**et Johannes soos 'n Jood of soos 'n Romein tyd bereken? Die Romeine het die ure amptelik (soos ons) vanaf middernag getel, terwyl die Jode met dagbreek begin tel het. Dit was “die tiende uur” (OAV) toe die twee dissipels besluit het om te gaan kyk waar Jesus woon (vs 39). As Johannes volgens die Romeinse horlosie gewerk het, was dit tienuur die oggend (soos in vroeëre uitgawes van die NAV); as hy 'n Joodse horlosie gehad het, was dit vieruur die middag (latere uitgawes van die NAV). Laasgenoemde is in die lig van Johannes se tydsaanduiding rondom Jesus se vonnis en kruisiging (“sesde uur” – Joh 10:14) waarskynlik reg.

Dit was dus al laatmiddag toe die twee dissipels besluit het om Jesus te begin volg. Iets in Johannes se aanduiding (vs 39): “Dáár is die Lam van God!” het hulle getrek. Inderdaad, ás Hy die Lam van God, die enigste Verlosser en Saligmaker is, wie kan dan bekostig om sonder Hom te lewe? Dit begin alles met blote nuuskierigheid (vs 38): “... waar gaan u tuis?” 'n Uur of wat later het die Heilige Gees verstommende entoesiasme en sekerheid in hulle harte gewerk (vs 41): “Ons het die Messias gekry!”

In die wêreldgeskiedenis het dit laatmiddag geword. Duidelik wys die Woord Hom vandag weer vir jou aan: “Dáár is die Lam van God!” Wil jy nie maar gaan kyk wat Hy doen, gaan hoor wat Hy beplan en uitvind waar Hy woon nie? Dit is al amper huiuswete.

*Sing: Psalm 16:1, 3 (2001 – A Krog)*

*Dr. WC Vergeer (Potchefstroom-Oos)*